

Amazone UF maak spuitwerk en skoonmaak maklik

'n Gedugte makker in die boer se stryd teen onkruid en peste is 'n doeltreffende spuit, maar watter een moet ek kies?

Die Amazone UF 1801-driepuntspuit met die bykomende FT 1001-tenk op die trekker se neus het 'n omwenteling veroorsaak in die bestuur van die saaikomponent van die boerdery, sê Mauritz de Beer, plaasbestuurder van Rilufarms, 'n groot melkplaas naby Kroonstad.

Meer as 2 200 beeste moet elke dag kos kry. Die koeie wei onder spilpunte, maar die grondslag van die kragkos vir melkproduksie is kuilvoer. Dit word gemaak van die 1 000 hektaar mielies en voersorghum en die Amazone UF is daar om die oes te beskerm.

Mauritz sê vroeër het hulle kontrakteurs gebruik vir die spuitwerk en hy en Riaan Oosthuizen, eienaar van die boerdery, was op die uitkyk na 'n oplossing wat dit ook moontlik sou maak om die Massey Ferguson 8690, wat vir grondbewerking, plant- en strooiwerk gebruik word, nog meer te benut.

Die trekker dra die abbaspuit en bykomende tenk met groot gemak en die hele spuitaksie kan met behulp van die Trimble-stelsel vanuit die kajuit beheer word. Die spuit is Isobus-gereed. Jy stel die hoeveelheid water per hektaar, sorg dat die regte spuitstukke in plek is deur net die spuitkoppe in die regte posisie te draai en dan is jy gereed vir 'n eweredige bedekking, onafhanklik van ryspoed.

Daar is outomatiese seksiebeheer wat verseker dat jy nie twee keer op

dieselfde plek spuit nie. Mauritz sê hy spuit eers die soom van die land en wanneer hy dan die binnekant spuit, lig die 20-meter balk outomaties op wanneer hy die soom bereik.

Die lande word gespuit voor planttyd, twee keer met planttyd, na ses weke en weer wanneer die kuilvoer gesny is. Met die trekker-spuit-kombinasie kan hy van 160 tot 180 hektaar per dag baasraak.

Die twee tenks werk lieflik in tandem saam vir volmaak en leegmaak sodat hulle heeltyd in balans bly. Daar is een punt vir die vul van die tenks en die pype wat die twee verbind word met gोकoppelstukke ontkoppel sodat albei tenks maklik afgehaal kan word, terwyl die verbindingspyp aan die trekker agterbly.

Die spuit self het wiele onder vir maklike hantering as dit afgehaak is. Amazone se ontwerpers gaan uit hulle pad uit om alles so maklik as moontlik vir boere te maak. Die uitswaaimengbak, alle verstellings en handewaskraan is aan die linkerkant van die spuit, want dit is waar 'n boer by sy trekker inklim en uitklim.

Skoonmaak is belangrik, maar maklik

"Ek sal nooit 'n spuit bêre sonder om dit eers te was nie. Daar's nie 'n manier nie," sê Mauritz.

Mauritz het vroeër vir 'n landbouchemiese maatskappy gewerk en hy sê as 'n boer by hom gekla het dat 'n middel nie werk nie, het hy eerste in die land gaan kyk waar is die pro-



Met die raakskerm kan jy vanuit die trekker se kajuit jou spuitwerk bestuur en rekord hou.

bleem. As daar 'n stroke onkruid is wat verseg om te vrek of waar die wurms baljaar, kan jy maar na die spuit gaan kyk - daar sal 'n spuitstuk of twee wees wat verstop is.

Mauritz sê: "Ek kan sommer vir hom sê watter spuitstuk die probleem het deur net na die land te kyk."

Gewoonlik is die oorsaak van die probleem dat daar chemikalieë in die spuit agtergebly het en chemikalieë vreet alles, soos die metaaldele van die spuitstukke en die diafragmas, van die pompe. Dit is waarom dit so belangrik is dat die spuit so ontwerp moet wees dat dit maklik is om dit skoon te maak. Die Amazon UF maak dit so maklik soos tel tot twee.

Mauritz sê die oomblik as hy klaar gespuit het of van die mielies na die voersorghum moet beweeg, draai hy net die gerieflike en duidelik gemerkte handvatsels aan die kant van die spuit na skoonwater en spoel die hele stelsel uit. Vir die tweede uitspoel voeg hy die voorgeskrewe skoonmaakmiddel by. Daar is 280 liter water beskikbaar vir die skoonspoel.

"Dit neem minder as 'n halfuur in beslag; my spuitwerk bly doeltreffend en my spuit bly in 'n goeie toestand," sê hy.

Mauritz sê hy het die spuit nou 'n seisoen lank beproef sonder enige probleem, maar hy is seker die mense van Falcon en Senwes Kroonstad is gereed om te help as daar dalk 'n probleem sou opduik.

Kry jou Amazone-oplossing by jou naaste Falcon-handelaar of skakel 033-330-5787 vir meer inligting. Besoek ook www.falconequipment.co.za om na hulle toerustingreekse te kyk.



Mauritz de Beer van Rilufarms naby Kroonstad sê die Amazone UF-driepuntspuit maak spuitwerk en skoonmaak agterna maklik. Kyk net die eenvoudige en duidelike kontroles alles netjies bymekaar langs die uitswaaimengbak.